Arbeidsloon
Kampterrein / Campsites

www.arbeidsloon.co.za bookings@arbeidsloon.co.za 071 888 2252

# BESPREKINGSVORM

Persoonlike & Besprekings Besonderhede:

Besprekings vir 1 staanplek : Persoon wat die bespreking maak moet besonderhede voltooi en terugstuur.

Groeps besprekings word dieselfde gedoen en die persoon wat namens die groep bespreek moet vorms voltooi, teken en terugstuur.

| | |
|---|---|
| Naam: | Van: |
| Tel: | Sel: |
| E-pos: | ID Nr: |
| Adres: | |
| Aankoms Datum: | Vertrek Datum: |
| Aantal gaste vir 1 staanplek: 4 en maksimum 6 | Voertuig Registrasie No: |

Kansellasie beleid en betaling van deposito:
Geld kan direk in ons bankrekening betaal word. 50% van die koste van die totale verblyfrekening is betaalbaar as deposito met bevestiging van bespreking en balans 7 dae voor aankoms, bank besonderhede sal dan ook voorsien word om die besprekings te bevestig. <u>Indien u sou versuim om voor die gemelde datum te betaal, sal u bespreking outomaties gekanselleer word, sonder enige kennisgewing.</u>

TYD VAN AANKOMS: 14H00 TYD VAN VERTREK: 12H00
Reëlings vir later vertrek moet vooraf met bestuur getref word.
Die persoon wat hierdie voorwaardes ontvang/die bespreking maak, onderneem om dit onder die aandag van al die lede van sy groep te bring en aanvaar aanspreeklikheid daarvoor dat al die lede van die groep die betalings hiervan nakom.

Lees asb. die terme en voorwaardes vir u verblyf by Arbeidsloon, teken al 5 bladsy, stuur terug via e-pos of WhatsApp.

# ARBEIDSLOON KAMPTERREIN

# Termes en Voorwaardes

1. **WYSIGING VAN REëLS**
“Die Bestuur” (verwys na die eienaar van Arbeidsloon plaas en verteenwoordigers). “Die bestuur” behou die reg voor om die terme en voorwaardes vir die gebruik en benutting van Arbeidsloon Kampterrein sonder vooraf kennisgewing te wysig.

2. **REG VAN TOEGANG VOORBEHOU**
Die bestuur behou die reg voor om toegang en/of verblyf aan enige persoon of instansie te weier sonder openbaarmaking van enige rede. Bestuur sal verder geregtig wees om uitsetting te gelas van enige persoon wat nie die reëls nakom nie, lawaai, die rus versteur, ‘n oorlas van hom of haarself maak:

2.1 Nie nakoming van hoeveelheid voertuie en aantal persone: (Getalle per staanplek)
Vier (4) persone per staanplek, een (1) voertuig met een (1) karavaan/tent, of 2 tente of een (1) boswa met enkel tent.

2.2 Versuim om ‘n staanplek te ontruim na afloop van ‘n bespreekte. Besoekers moet kampplek skoon en netjies agter laat – vullis in drom plaas wat voorsien word.

2.3 Versuim om aan te meld as ‘n besoeker of toegang tot kampplek sonder betaling of die perseel te gebruik.

3. **ALGEMENE REëLS**

3.1 Hierdie kampterrein is geleë op ‘n werkende plaas met diere. Moenie plaas diere, wild en natuur steur nie.

3.2 Water op die plaas word nie aanbeveel as drinkwater nie, bring u eie drinkwater saam. (Bv. 5ℓ kanne water). Gebottelde water is ook te koop by Kiosk/Ontvangs.

3.3 Slegs 1 voertuig per staanplek word toegelaat. Hou die voertuig asseblief op die perseel wat aan u toegeken word. (Toestemming vir 2de voertuig moet met Bestuur gereël word).

3.4 Spoedgrens vir die kampeerterrein is 20km/h en op alle grond paaie buite terrein 40km/h.

3.5 Elke staanplek het een kragprop, waterpunt en deel wastrog vir skottelgoed met staanplek langsaan.

3.6 **Geen troeteldiere word toegelaat nie**.

3.7 Geen rook word toegelaat in ablusie blok en sigaret stompies mag nie rondgestrooi word nie.

3.8 Moenie u klere of toilet ware in die ablusie los nie.

3.9 Misbruik van alkohol of ander narkotiese middels is verbode.

3.10 Geen vure word toegelaat buite kampperseel. Slegs in braaidromme voorsien. Die terrein is omring deur fynbos en enige teken van brandstigting of onverantwoordelike maak van vure is verbode.

3.11 Geen dagkampeerders word toegelaat nie. Indien die Bestuur besoekers toestemming verleen om ‘n gas te ontvang gedurende die dag, mag gas nie oorslaap nie en die kamp nie later as 22H00 verlaat sonder steurnis en lawaai van voertuie.

3.12 **Geen musiek word toegelaat nie asook televisies**.

3.13 Ons wil graag hê ons besoekers moet hulself geniet, mede kampers te respekteer “STILTE IN KAMP” vanaf 22H00.

3.14 Kinders onder die ouderdom van 10 jaar, moet deur ‘n volwasse persoon vergesel word tydens die gebruik van die ablusie fasiliteite. Moenie ander voorwerpe as toiletpapier in toilette afspoel nie.

3.15 Geen leë bottels, houers of ander vullis asook sigaret stompies mag gestrooi word nie. Plaas dit asseblief in die vullis dromme wat vir die doel aangebring is.

3.16 Wandelpaaie word op eie risiko gebruik. Bly binne die aanwysings asseblief.

3.17 Kru taalgebruik soos vloek- en skelwoorde word nie toegelaat nie.

3.18 Moenie enige alkohol agterlaat of vir die werkers gee nie.

3.19 “Quadbikes” of ongelisensieerde voertuie mag nie in die kamp bestuur word nie.

3.20 Fietse word slegs toegelaat op grondpaaie buite plaasgrens en op eie risiko.

3.21 Geen gebruik van vuurwapens, windbukse, pyl en boë, ketties en vuurwerke word toegelaat.

3.22 Klim oor drade of hekke is verbode. (Hierdie is ‘n werkende plaas.)

## 4. <u>BESPREKINGS EN TARIEWE</u>

Geen bespreking sal geldig en/of afdwingbaar wees alvorens:

4.1 Die besprekingsvorm nie voltooi is nie en aan die bestuur d.m.v. epos gestuur is nie.

4.2 Die vereiste deposito en of vooruitbetaling soos vereis, nie deur die bestuur ontvang is nie en dit per epos bevestig is nie.

4.3 Tariewe per staanplek is R750.00 per nag vir 4 persone. ‘n Maksimum van 6 persone word per staanplek toegelaat teen additionele R200.00 per persoon per nag.

4.4 Groepbesprekings (minimum 7 staanplekke) tarief R_______ per staanplek vir 4 persone met maksimum 6 persone teen R_______ per persoon ekstra. Indien groep minder as 7 staanplekke is, geld tariewe soos in 4.3.

4.5 Naweek besprekings ‘n minimum van 2 aande (bv. Vrydag en Saterdag). Indien u Sondag aand ook wil oorbly, kan dit met Bestuur gereël en betaal word.

4.6 Staanplek 7 het ‘n perminente karavaan te huur. Reëls vir die huur daarvan kan by Bestuur gekry word.

4.7 Daar is ‘n Kiosk by Ontvangs beskikbaar in Hoog Seisoen 01 Desember tot 15 Januarie waar water, ys, koeldrank, ens. gekoop kan word en is in oggend en laat middag oop.

4.8 Maak asseblief seker dat u elektriese toebehore en “leads” in werkende toestand is voordat u kom kamp (geen los konneksies, ens.)

4.9 Kontak bestuur vir verdere tarief navrae.

5. **BETALINGS**

5.1 50% van die koste van die totale verblyfrekening is betaalbaar as deposito met bevestiging van bespreking. Die volle betaling (na betaling van deposito) moet betaal word by 01 Desember voor aankoms.

5.2 Indien bespreking binne 7 dae voor aankoms gemaak word, moet die volle bedrag vir verblyf betaal word.

5.3 Versuim om die deposito betaal, sal daartoe lei dat die bespreking sonder vooraf kennisgewing gekanselleer sal word.

5.4 Betaling van ekstra persone kan geskied by aankoms (R200.00 per persoon per nag).

5.5 Indien die besoeker moet kanselleer weens sterfte (of ander aanvaarbare redes waaroor die betrokkene geen beheer het nie), sal die bestuur besluit oor die deposito se terug betaling. SLEGS indien daar stawende bewyse verskaf kan word en die staanplek vir dieselfde hoeveelheid persone weer bespreek kan word.

5.6 Geen geld word terugbetaal wanneer gaste die karavaanpark vroeër verlaat as wat bespreek is.

6. **AANKOMS EN VERTREK**

Aankoms: 14:00 Vertrek: 12:00

Indien daar nie besprekings voor of na die bespreekte tyd is nie, kan later vertrek gereël word met die bestuur.

7. **VRYWARING (soos per “Consumer Protection Act No 68 of 2008”)**

Besoek aan die perseel deur enige persoon en of hul besoekers, geskied op eie risiko en word die eienaar en/of bestuurder en/of hulle verteenwoordigers gevrywaar teen enige eise van watter aard ookal, veroorsaak by wyse van hetsy diefstal, dood, besering, beskadiging of verlies van goedere, brand, oormag, vloede en ander natuurrampe.

Ek die ondergetekende, erken hiermee dat ek ‘n afskrif van die reels van Arbeidsloon Kampterrein ontvang en bestudeer het.

Ek verklaar myself as ten volle vertroud met en onderneem hiermee om terselfdetyd hierdie reëls na te kom.
Ek neem verder kennis van die wandelpaaie op die perseel en aanvaar onheroeplik volle aanspreeklikheid vir die veiligheid van myself, my vrou, my kinders en enige ander persoon op die kampeerplek aan my toegestaan.

Geteken ………………………………….. die …….. dag van …………………………………. 20…….